# Hoofstuk XI

.............

## Die Hoër Huishoudskool Christiana
## (Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap)

### 1. Inleiding.

In sy ywer om meer onderfasiliteite vir die dorp en omgewing te verkry, het die skoolraad reeds in Februarie 1908 voorgestel dat 'n industriële skool, weefklasse en 'n houtwerkklas aan die plaaslike skool verbind behoort te word.[1] Alleenlik die laaste versoek is na baie jare toegestaan.

Die raad het meer sukses gehad met sy versoek dat voortsettingsklasse, ook "aandklasse" genoem, op Christiana in die lewe geroep word. Die heer F. Jooste is benoem as hoof van hierdie klasse,[2] maar oor die inskrywing, leervakke en ondersteuning wat die onderneming geniet het, word geen inligting verskaf nie. Die voortsettingsklasse het waarskynlik net voortbestaan tot Augustus 1910 want nà hierdie datum word nie meer na hulle verwys nie.

In 1920 het die aandklasse herleef toe 'n plaaslike boekhouer, ene P. Swart, onderrig gegee het in boekhou, maar dit moes na enkele maande gestaak word weens gebrek aan ondersteuning.[3]

'n Nuwe mylpaal in die geskiedenis van onderwys op

---

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 7.2.1908
2. Ibid ged. 9.2. 1910
3. Meegedeel deur mnr. J. Jordaan van Christiana

Christiana is bereik toe die voortsettingsklasse herlewe het in 1926,veral deur die bemoeiing van die heer A.J.Buys, sekretaris van die Bloemhofse Skoolraad.

2. Die gebou wat deur die hoërskool ontruim is,kon deur die voortsettingsklasse betrek word en drie deeltydse onderwysers het die onderrig waargeneem. Die klasse is toegespits op handelsvakke en die toelatingsvereiste was 'n St.VI-sertifikaat,'n vereiste wat nie bevorderlik vir die klasse was nie want die tipe leerling wat hulle aangemeld het,was merendeel dìe wat nie in die hoërskool kon vorder nie,òf wat nie voornemens was om die hoërskool te besoek nie.[1]

Slegs 'n jaar na die stigting van die klasse het die onderneming soveel sukses geniet dat 'n voltydse hoof,die heer J.L.Vermeulen,aangestel is ;hy is opgevolg in 1929 deur die heer J.J.Pienaar.Daardie jaar het die inskrywing ses getel terwyl die personeel uit die hoof en sewe deeltydse leerkragte bestaan het. Die volgende jaar het die inskrywing tot 24 aangegroei.[2]

Die inrigting het die volgende jaar 'n belangrike uitbreiding verkry toe 'n afdeling vir huishoudkunde en hoedemakery ingestel is ;voor die einde van die jaar het hierdie afdeling 12 leerlinge getel en is bedien deur een onderwyseres.Op aandrang van sy Adviserende raad het die inrigting sedert 1 Julie 1930 onder die Departement van Onderwys.[3]

Die volgende 7 jaar was 'n tydperk van gestadige groei en uitbreiding.Die voltydse personeel is uitgebrei tot 5,

1. Jaarblad van die Hoër Handelskool Potchefstroom 1948, 13en 15

2. Ibid, 15

3. Ibid,15

waarvan vier aan die handelsafdeling verbonde was.

Op hierdie stadium van sy ontwikkeling moes die meisies intrek neem in die koshuis van die hoërskool en aangesien ruimte daarbeperk was, moes die inrigting voorsiening maak vir 'n eie koshuis. Daar het 'n dringende behoefte aan geboue ontstaan. Die dorpsraad het die inrigting 'n ruim perseel aan Golfstraat aangebied waar nuwe geboue opgerig kon word. Die minister van Onderwys het egter besluit dat Christiana nie die geskikste sentrum vir die inrigting was nie, met die gevolg dat voorsiening gemaak is vir die huishoudkundige afdeling op die aangebode terrein, maar die handelsafdeling moes verhuis na Potchefstroom.[1]

3. Die Hoër Huishoudskool.

Die afdeling huishoudkunde kon nou as onafhanklike inrigting ontwikkel.

Toe die inrigting met die aanvang van die tweede kwartaal 1937 geopen is, het dit 'n personeel van slegs vier getel : die prinsipale, mej. M. Armstrong-Smith, twee inspektrises, mejj. M. Betz en M. Michie en 'n matrone, mej. E. M. Oberholzer. Na 12 jaar het die personeel, die faktotum uitgesonder, 13 getel.[2]

Toe die nuwe geboue in gebruik geneem is, was die terrein ruig en onbewerk ; eers na twee jaar het die inrigting sy eie watervoorsiening bekom en toe kon voortgegaan word om die terrein met sierbome en grasperke te beplant.[3]

Die biblioteek het sy ontstaan gehad in 'n aantal boeke wat deur die kontrakteur geskenk is. Van hierdie klein begin het die boekery aangegroei tot 545 dele in 1945, terwyl dit aangevul is met tydskrifte. In 1946 het die biblioteek 756

1. Jaarblad van die Hoër Handelskool Potchefstroom, 15
2. Rapport van die prinsipale, 1950
3. Ibid, 1939

boeke getal en die aantal wat deur die leerlinge gekry is gedurende die jaar het gemiddeld 23 beloop.[1]

Die inskrywing het van 20 in 1938 tot 40 in 1940 en 48 in 1945 aangegroei. Daar word nie voorsiening vir die leerlinge gemaak nie ; inskrywings word veral van dele van die Transvaal, die aangrensende distrikte en die Oranj- Noord-Kaapland en selfs uit Suidwes-Afrika gedoen

In die beginjare het die inrigting kursusse in volgende vakke aangebied : Afrikaans, Engels, Fisiologie, Natuurkunde, Wiskunde, Huishoudkunde en naaldwerk. In 1956

Tot aan die eiende van 1941 is ñ tweejarige kursus gebied en moes die dogters die kursus aan die huishoudkunde skole van Potchefstroom, Bethlehem ,of Hartebeespoort voortsit, om die Nasionale Senior Sertifikaat te verkry. Deur die in voering van ñ derdejaarskursus aan die begin van 1958 het die skool se status tot Hoër Huishoudkundeskool verhoog en leerlinge kan nou die N.S. Sertifikaat eksamen hier aflê.

Na die voltooiing van die derdejaarskursus kom die dogters voor die keuse van die volgende loopbane te staan:
Leerlingverpleegster, assistent-matrone, telegrafis of Tent - kookster in hospitale.

4. Prestasies van die inrigting.

Die inrigting maak nie alleen voorsiening vir leiding van die dogters nie, maar instellings vir vermaak verseker hulle gesonde liggaamlike ontwikkeling

1. Verslag van die prinsipale 1946
2. Hoër Huishoudskool Christiana : Toelatingsregister
3. Joernaal van die Hoër Huishoudskool Christiana
4. Ibid, 1950
5. Hoër Huishoudskool Christiana: Rapport van die [illegible] le, 1943

Behalwe wat die ruim leeskamer aanbied,is daar tennis- en korfbalbane en die dogters neem deel aan netbal,jukskei en swem. Onder leiding van die personeel en senior leerlinge bestaan 'n Christelike Strewersvereniging,'n debatsvereniging en 'n Junior Noodhulpliga.[1]

Nie alleen as propogandamiddel nie,maar ook om te toon waartoe die dogters deur hulle opleiding in staat gestel word,het die uitstallings van handgemaakte artikels 'n jaarlikse funksie geword sedert die eerste uitstalling op 2 Desember 1939 deur die Sekretaris van Onderwys,dr.G.W.Eybers, geopen is.[2]

In Desember 1940 het 15 leerlinge met welslae die N.J.O. Sertifikaateksamen afgelê en een van die kandidate het die hoogste punte in die Unie behaal. In dieselfde jaar is 9 dogters oorgeplaas na ander huishoudskole om hulle driejarige kursusse te voltooi.[3] In 1941 het 22 leerlinge die N.J. Sertifikaateksamen afgelê en een het die hoogste punte in die Unie behaal in Fisiologie.[4]

5.Waardering.

Deur die daadwerklike deelname van die personeel en leerlinge van die skool aan die ma tskaplike en opvoedige bedrywighede van die samelewing van die dorp en distrik, dra hierdie inrigting sy onmisbare deel by tot die voller lewe van die gemeenskap. Konserte en ander funksies wat deur die skool uitgevoer word,word hoog op prys gestel.Die voorbeeldige gedrag van die dogters is 'n aansporing vir

1. Verslag van die prinsipale 1944
2. Die Geskiedenis van die Hoër Huishoudskool deur die prinsipale
3. Verslag van die prinsipale 1940
4. Ibid,1944

die jeugdiges en 'n maatstaf waaraan die hoogste tradisie van inrigtings van sy soort gemeet kan word. Ho ideale word vervat in die skoollied :

Weerklink ons leuse deur die land,
Haar lig, haar lig, sal skyn",
Tot waar die son verdwyn.
Ons lei, ons lei tot waar die son verdwyn,
Christiana Huishoudskool.